

NALIBALI

Maak lees deel van jou gesin se daaglikse lewe

Hoe gereeld lees jou gesin? Is stories deel van jou gesin se daaglikse lewe? Deur die hele wêreld word ouers en ouerfigure as die primêre versorgers en leermeesters van hul kinders beskou. Hulle beskerm hul kinders en werk hard om seker te maak dat hulle op 'n positiewe wyse ontwikkel. Om gereeld boeke en stories met kinders te deel is een van die belangrikste maniere om kinders se positiewe ontwikkeling te bevorder.

Hoe maak ek dit lekker om te lees?

As jou kinders slegs by die skool lees en wanneer hulle hul huiswerk doen, sal hulle leer om lees met werk te assosieer, en nie met plesier nie. Ons moet vir ons kinders lees as ons wil hê hulle moet leer dat lees genotvol en vermaaklik kan wees. Dit sal hulle inspireer om te wil lees – en dan al hoe meer te lees. Wanneer jy jou vir jou kinders lees, help jy hulle om 'n lewenslange verhouding met boeke en lees te bou. Daar is ook talle navorsingstudies wat toon dat hoe meer kinders tuis lees, hoe beter vaar hulle op skool.

Make reading a part of your family's daily life

Does your family read regularly? Are stories part of your family's daily life? In all parts of the world, parents and parental figures are seen as the primary caregivers and teachers of their children. They protect their children and work hard to ensure their positive development. Regularly sharing books and stories with children is one of the most important ways to boost children's positive development.

How do I make reading enjoyable?

If your children only read at school and when they do homework, then they will learn to link reading with work and not with pleasure. We need to read to our children if we want them to learn that reading can be enjoyable and entertaining. This will inspire them to want to read – and then to read more and more. When you read to your children, you help them to build a lifelong relationship with books and reading. There are also lots of research studies to show that the more children read at home, the better they do at school.

Hoe maak ek lees deel van my gesin se daaglikse lewe?

- **Wees 'n rolmodel.** Wanneer jou kinders jou gereeld sien lees, leer hulle dat lees belangrik is! Gesels met jou kinders oor wat jy lees en moedig hulle aan om vrae daaroor te vra.
- **Lees vir hulle.** Sit saam met jou kinders en geniet 'n boek saam – en doen dit elke dag! Wanneer julle rustige, ontspannende tye saam deurbring terwyl julle lees, help dit jou om 'n band met jou kinders te bou.
- **Ontwikkel jou kinders se selfvertroue.** Heg waarde aan jou kinders se pogings om te lees, net soos jy waarde geheg het aan hul eerste woorde! Gee hulle baie ondersteuning sodat hulle selfvertroue sal ontwikkel – dan is die stryd om te leer half gewonne. Laat hulle iets kies wat hulle wil lees, al is dit effens moeilik vir hulle. Luister terwyl hulle lees en geniet dit om na hulle te luister, sonder om hul foute reg te maak, tensy hulle jou hulp vra.

How do I make reading part of my family's daily life?

- ★ **Be a role model.** When your children see you reading on a regular basis, they learn that reading is important! Talk to your children about what you are reading and encourage them to ask questions about it.
- ★ **Read to them.** Sit with your children and enjoy a book together – and then do this every day! Spending quiet, relaxing times together while you read helps you connect with your children.
- ★ **Develop children's confidence.** Value your children's attempts to read, just like you valued their first words! Give them lots of support to develop their confidence – that's half the battle with learning. Let them choose something that they want to read even if it is a little difficult for them. Listen to their reading and just enjoy listening to them, without correcting them, unless they ask for your help.

Augustus is Vrouemaand!
Moedig gerus jou gesin aan om boeke en stories te lees wat deur vroue geskryf is of waarin inspirerende vroue as hoofkarakters voorkom.

August is Women's Month!
Why not encourage your family to read books and stories written by women or that feature inspiring women as main characters?



Drive your
imagination



IT STARTS WITH
A STORY.
DIT BEGIN MET
'N STORIE.



Geletterdheidsaadjies!

Wanneer pa's help om hul kinders te versorg, baat almal daarby!

Literacy Seeds!

When fathers help care for their children, both win!



'n Goeie verhouding tussen 'n pa en kind het 'n diep en blywende invloed op die positiewe ontwikkeling van die kind. Wanneer pa's hul kinders gereeld kos gee, bad, na hulle omsien en met hulle speel, is hul kinders geneig om meer selfvertroue te hê en sterker verhoudings met ander te bou. Sulke kinders vaar dikwels ook beter op skool en universiteit en maak makliker vriende.



A good relationship between a father and his child has a deep and lasting impact on the positive development of a child. When fathers feed, bath, care for and play with their children regularly, these children tend to be more confident and build stronger relationships with others. They also tend to do better at school and university and form friendships with others more easily.



Dis goed vir die kinders!

Die negatiewe uitwerking van pa's wat nie gereeld tyd saam met hul kinders spandeer nie, word duidelik teen die tyd dat die kinders kleuterskool toe gaan. Hierdie kinders, en veral seuns, is dikwels aggressiewer met ander kinders van hul ouderdom, ongeag hul verhouding met hul ma's.



It's good for the children!

The negative impact of fathers not interacting regularly with their children is evident by the time the children enter preschool. These children, and especially boys, tend to be more aggressive with others of their age, regardless of their relationship with their mothers.

Kinders wie se pa's aktief betrokke is by hul opvoeding:

1. het beter taal-, kognitiewe en probleemoplossingsvaardighede. Hoe meer tyd pa's saam met hul kinders spandeer wanneer hulle speel, hoe beter is die kinders se punte vir wiskunde en lees.
2. het beter selfbeheersing en bestuur hul gevoelens en gedrag op sosiaal aanvaarbare maniere. Pa's daag dikwels hul kinders se grense uit deur hulle aan te moedig om in 'n veilige omgewing dinge te waag, soos om 'n nuwe sportsoort te probeer, op 'n balanseerbalk te loop – en af te val – of nuwe maats te maak.
3. is geneig om veerkragtiger en geduldiger te wees. Hulle kan stresvolle en frustrerende ervarings beter hanteer, is minder geneig om by die huis, die skool en in die gemeenskap in die moeilikheid te beland, en is minder geneig tot gevoelens van hartseer en depressie.

Children with fathers who are actively engaged in their upbringing:

1. have better language, cognitive and problem-solving skills. The more time fathers spend playing with their children, the better the children's math and reading scores are.
2. have better self-control and manage their feelings and behaviour in socially acceptable ways. Fathers tend to challenge their children's boundaries by encouraging them to take risks in a safe environment, like trying a new sport, walking on – and falling off – a balance beam or making friends with someone new.
3. tend to be more resilient and patient. They are better able to deal with stressful and frustrating experiences, are less likely to get in trouble at home, in school and in the community, and are less likely to become overly sad and depressed.



Drive your imagination



Dis goed vir die pa!

Vaderskap verander 'n mens se lewe, pa's sowel as babas s'n. Al is dit soms baie uitputtend om 'n pa te wees, maak die plesier wat jy uit 'n liefdevolle verhouding met jou kind put, dit die moeite werd.

1. Wanneer jy tyd saam met jou baba spandeer, stimuleer dit dieselfde dele van jou brein wat geaktiveer word wanneer jy verlief raak. Wanneer daar vel-tot-vel-aanraking tussen jou en jou baba is, stel jou brein en jou baba se brein oksitosien vry, 'n natuurlike chemikalie wat gevoelens van liefde en toegeneentheid laat toeneem.
2. Mans se prioriteite verander wanneer hulle kinders het. Pa's wat gereeld by die versorging van hul kinders betrokke is, ervaar vreugde en tevredenheid wanneer hulle tyd saam met hul kinders spandeer.



It's good for the dad!

Fatherhood is life-changing, for dads and for babies. As tiring as being a dad is at times, it is worth the enjoyment you will get from a loving relationship with your child.

1. Spending time with your baby stimulates the same parts of your brain that are activated when falling in love. Having skin-to-skin contact with your baby makes your and your baby's brain release oxytocin, which is a natural chemical that increases feelings of love and affection.
2. Men's priorities change when they have children. Fathers who are involved with the care of their children regularly, experience happiness and satisfaction when they interact with their children.



Idees om pa's betrokke te kry

1. **Gesels, lees en sing vir jou baba.** Babas kan reeds gedurende die laaste drie maande van swangerskap stemme hoor en herken; begin daarom vroeg en gaan voort daarmee ná jou baba se geboorte!
2. **Woon doktersbesoeke by as jy kan.** Jy sal kan sien hoe jou baba groei en ontwikkel en voor die geboorte meer geheg voel aan jou baba.
3. **Ondersteun gesonde gewoontes.** Eet gesonde kos as ouers en moenie tydens die swangerskap rook of drink nie. Dit sal dit makliker maak om as 'n gesin 'n gesonde lewenstyl te volg.
4. **Wees daar vir die geboorte.** Baie pa's vind dat dit hulle help om 'n band met hul baba te vorm as hulle hul baba direk ná die geboorte ontmoet.



Ideas to get dads involved

1. **Talk, read and sing to your baby.** Babies can already hear and recognise voices during the last three months of pregnancy, so start early and continue after the baby is born!
2. **Attend doctor's visits if you can.** You will be able to see your baby's growth and development and feel more connected to your little one before birth.
3. **Support healthy habits.** As parents, eat healthy foods and avoid smoking and drinking during pregnancy. This will make it easier to begin and enjoy a healthy lifestyle as a family.
4. **Be there for labour and delivery.** Many dads find that meeting their baby right after birth helps them bond with their babies.



Hoe om ons stories op verskillende maniere te gebruik

1. **Vertel die storie vir jou kind.** Lees en oefen om die storie te vertel. Gebruik dan jou stem, gesig en liggaam om die storie te laat lewe.
2. **Lees die storie vir jou kind.** Gesels oor die prente. Vra: "Wat dink jy gebeur volgende?" of "Hoekom dink jy het die karakter dit gesê of gedoen?"
3. **Lees die storie saam met jou kind.** Maak beurte om die storie saam te lees. Moenie hul foute regmaak nie, en help net as hulle jou vra om te help.
4. **Luister hoe jou kind lees.** Luister sonder om hulle te onderbreek. Sê dat dit vir jou lekker is om te luister wanneer hulle hardop vir jou lees.
5. **Doen die aktiwiteite in Raak doenig met stories!** Dit behoort vir jou en jou kind pret te wees.

How to use our stories in different ways

1. **Tell the story to your child.** Read and practise telling the story. Then use your voice, face and body to bring the story to life.
2. **Read the story to your child.** Talk about the pictures. Ask, "What do you think happens next?" or "Why do you think the character said or did that?"
3. **Read the story with your child.** Take turns to read the story together. Don't correct their mistakes, and only help if they ask for it.
4. **Listen to your child read.** Listen without interrupting. Say that you enjoy hearing them read aloud to you.
5. **Do the Get story active! activities.** This should be fun for you and your child.



Drive your imagination

Wees kreatief! Augustus is Vrouemaand!


✿ Volg die stappe hier onder om 'n Vrouedagkaartjie te maak vir 'n vrou vir wie jy lief is.

1. Knip op die rooi stippellyne om die kaartjie uit te knip.
2. Knip dun karton, byvoorbeeld uit 'n graankosboks, wat net so groot is soos die blomprent.
3. Plak die prent met gom op die karton vas.
4. Teken langs die stippellyne van die blom, stingel en blare.
5. Teken die gesig van die vrou vir wie jy die kaartjie gaan gee, in die middel van die blom.
6. Skryf een woord wat haar beskryf, in elke blomblaar.
7. Skryf haar naam in die plant se blare.
8. Kleur die prent in.
9. Jy kan ook knope, krale, stukkies kant of glisterstof byvoeg om jou kaartjie te versier.

Get creative! August is Women's Month!

✿ Follow the steps below to make a Women's Day card for a woman that you love.

1. Cut along the red dotted line to cut out the card.
2. Cut some thin cardboard the same size as the flower picture, for example, from a cereal box.
3. Use glue to paste the picture onto the cardboard.
4. Draw along the dotted lines of the flower, stem and leaves.
5. Draw the face of the woman that will receive the card in the centre of the flower.
6. In each petal, write one word that describes her.
7. Write her name in the leaves.
8. Colour in the picture.
9. You can also add buttons, beads, pieces of lace or glitter to decorate your card.



Bou jou eie biblioteek. Maak **TWEE** knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye **5** tot **12** van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye **5**, **6**, **11** en **12** daarop maak een boek. Die vel met bladsye **7**, **8**, **9** en **10** daarop maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hier onder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
 - c) Knip op die rooi stippellyne.



Grow your own library. Create **TWO** cut-out-and-keep books

1. Take out pages **5** to **12** of this supplement.
2. The sheet with pages **5**, **6**, **11** and **12** on it makes up one book. The sheet with pages **7**, **8**, **9** and **10** on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again along the green dotted line.
 - c) Cut along the red dotted lines.



Drive your
imagination

Amber glimlag. Sy weet presies wat sy wil doen. Sy gaan kyk of sy die huis met die goue vensters kan vind.



Amber smiled. She knew exactly what she wanted to do. She was going to go and find the house with the golden windows.

Die volgende oggend eet Amber en haar sussie saam ontbyt by die klein kombuistafeltjie. “Meisies, julle het albei baie hard gewerk,” sê hul ma, “en daarom voel ons dat julle twee vandag kan vakansie hou. Gaan doen iets wat julle graag wil doen!” “Ja,” sê hulle pa. “Geniet julle dag en gebruik dit goed.” Amber se suster gil van opwinding. “Daar is soveel dinge wat ek wil doen! Ek kan nie kies wat ek eerste wil doen nie,” sê sy en storm by die kombuis uit.

The next morning, Amber and her sister had breakfast together at the tiny kitchen table. “You girls have both worked very hard,” said their mother, “so we thought that the two of you should have a holiday today. Go and do whatever you wish!” “Yes,” said their father. “Enjoy your day and use it well.” Amber’s sister shrieked with excitement. “There are so many things that I want to do! I can’t choose what I want to do first!” and she rushed out of the kitchen.

This story is an adaptation of *The Golden Windows* by Laura E. Richards. This story was specially created for Nal’ibali to spark children’s potential through storytelling and reading for enjoyment.



Hierdie storie is 'n vertaalde en aangepaste weergawe van *The Golden Windows* deur Laura E. Richards. Hierdie storie is spesiaal vir Nal’ibali geskep om kinders se potensiaal te laat vlamvat deur stories te vertel en vir genot te lees.

Get story active!

- ★ What do you love most about your home? Write a few sentences about the people or things in your home that you love.
- ★ If you could change one thing about your home, what would it be?
- ★ Draw a picture of your dream home.

Raak doenig met stories!

- ★ Waarvan hou jy die meeste omtrent jou huis? Skryf ‘n paar sinne oor die mense of dinge in jou huis waarvan jy hou.
- ★ As jy een ding omtrent jou huis kan verander, wat sal dit wees?
- ★ Teken ‘n prent van jou droomhuis.

Nal’ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org.




Nal’ibali is ‘n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil ‘n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org.



Drive your
imagination

The house with the golden windows



Die huis met die goue vensters

Kirstin Hartmann • Natalie Hinrichsen
• Tamsin Hinrichsen

Ideas to talk about: What do you think the story is about when you read the title? Why do you think the house has golden windows? Who or what do you think lives in the house?

Idees om oor te praat: Waaroor dink jy gaan die storie wanneer jy die titel lees? Hoekom dink jy het die huis goue vensters? Wie of wat dink jy woon in die huis?



As she walked along the road, she imagined what the house would look like up close. She had never seen real gold before. She walked for a long time until she finally arrived at the top of the hill. She was surprised to see that the house was not much bigger than her own home... and she could not see any golden windows.

“Perhaps I should walk around the front,” she thought. She got to the front door but there was no gold at all.

Terwyl sy met die pad langs stap, dink sy aan hoe die huis op die heuwel van naby sal lyk. Sy het nog nooit voorheen regte goud gesien nie. Sy stap baie ver totdat sy uiteindelik bo-op die heuwel is. Sy is verras om te sien dat die huis nie veel groter as haar eie huis is nie... en sy sien geen goue vensters nie.

“Dalk moet ek om die huis na die voorkant toe loop,” dink sy. Sy kom by die voordeur, maar daar is geen teken van goud nie.



“Oh,” said Amber. “I wish I lived in a house like that. I bet they have big rooms and lots of space in that house. It must be so much better than ours.” And that night Amber dreamed of the house with the golden windows.

Amber lived in a small, square house on a narrow street on the side of a hill. Her family all worked very hard. Her mother made beautiful dresses for women, and her father made smart suits for men.

Amber woon in 'n klein, vierkantige huisie in 'n nou straatjie aan die kant van 'n heuwel. Haar hele gesin werk baie hard. Haar ma maak pragtige rokke vir vroue, en haar pa maak deftige pakke vir mans.

“O,” sê Amber, “ek wens ek het in so 'n huis gewoon. Elk is seker hulle het groot kamers en baie spasie in daardie huis. Dit moet soveel beter as ons huis wees.” En daardie aand droom Amber van die huis met die goue vensters.


Ruspes is ook mal oor blare.



Caterpillars love leaves too.



Some children love bugs. But do they love all kinds of bugs?
This story was specially created for Nal'ibali to spark children's potential through storytelling and reading for enjoyment.



Party kinders is mal oor goggas. Maar is hulle mal oor alle soorte goggas?
Hierdie storie is spesiaal vir Nal'ibali geskep om kinders se potensiaal te laat vlamvat deur stories te vertel en vir genot te lees.

Get story active!

- ★ Which bug in this story is your favourite one? Why?
- ★ Draw a picture of any bug that you like. Write a caption under your picture. Start like this: I love ...
- ★ Are you afraid of spiders? What important work do spiders do in our environment?
- ★ What can you say or do to teach your family and friends not to kill bugs unnecessarily.

Raak doenig met stories!

- ★ Watter gogga in hierdie storie is jou gunsteling? Hoekom?
- ★ Teken 'n prent van enige gogga waarvan jy hou. Skryf 'n onderskrif by jou prent. Begin so: Ek is mal oor ...
- ★ Is jy bang vir spinnekoppe? Watter belangrike werk doen spinnekoppe in ons omgewing?
- ★ Wat kan jy sê of doen om jou familie en vriende te leer om goggas nie onnodig dood te maak nie?

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org.



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org.



Drive your
imagination

Some children love bugs



Party kinders is mal oor goggas

Brigotte Naicker • Saskia Rezelman

Ideas to talk about: Do you love bugs? Why or why not? What important role do bugs play in our environment? What can we do to protect bugs in our environment?

Idees om oor te praat: Hou jy van goggas? Hoekom of hoekom nie? Watter belangrike rol speel goggas in ons omgewing? Wat kan ons doen om goggas in ons omgewing te beskerm?




Some children love bugs ...
Party kinders is mal oor goggas ...



Butterflies love flowers.
Skoenlappers is mal oor blomme.

ARRRGGGHHH!
ARRRGGGHHH!





Spiders love ...
Spinnekoppe is mal oor ...




And others do not!
... en ander is nie!





Ladybirds love stems.

Liewenheersbesies is mal oor stingels.



Bye is ook mal oor blomme.



Bees love flowers too.



Net toe maak 'n klein seuntjie die deur oop. Amber vertel vir die seuntjie hoe sy die huis met die goue vensters van haar huis se dak af gesien het. Sy vra hom of hy weet waar hierdie huis is.



Just then a small boy opened the door. Amber told the boy how she had seen the house with the golden windows from her rooftop. She asked him if he knew where the house was.

It was nearly dark when she got home. She could hear the happy voices of her mother, father and sister coming from inside. She felt happy to be home.

“Did you have a good day?” asked her father. Amber nodded.

“And did you enjoy your day?” asked her mother.

Amber smiled. “Oh yes!” she said. “And I learnt that we have such a lovely house,” she said, “and sometimes it has golden windows.”

Then they all sat down at the kitchen table, and Amber told them about her day and how happy she was to live in their small, square house on the side of the hill.

Dis byna donker toe sy by die huis kom. Sy kan haar ma, pa en suster se vrolike stemme in die huis hoor. Sy is baie bly dat sy weer by die huis is.

“Het jy ’n goeie dag gehad?” vra haar pa. Amber knik.

“En het jy jou dag geniet?” vra haar ma.

Amber glimlag. “O, ja!” sê sy. “En ek het geleer dat ons ’n lieflike huis het,” sê sy, “en soms het dit goue vensters.”

Toe gaan sit hulle almal om die kombuistafel en Amber vertel vir hulle van haar dag en hoe gelukkig dit haar maak om in hul klein, vierkantige huisie teen die kant van die heuwel te woon.

Op ’n dag kry Amber ’n idee. Dis ’n lieflike somersaand, en sy besluit om haar naaldwerk te vat en op die plat dak van hul klein, vierkantige huisie te gaan sit. Bo van die dak af kan sy die dorp daar onder sien, en in die verte, ’n heuwel. Maar in plaas van baie huise teen daardie heuwel, is daar net een huis heel bo-op die heuwel. Toe die son ondergaan en Amber haar werk klaarmaak, vang ’n goue gloed haar oog. Dit is die huis op die heuwel, en dit is pragtig. Die vensters skitter soos goud.

One day, Amber had an idea. It was a lovely summer evening, and she decided to take her sewing up to the flat roof of their small, square house. Up on the roof she could see the town below and, in the distance, a hill. But instead of lots of houses on *that* hillside, there was only one house built right on the top. As the sun went down and Amber finished her work, a golden light caught her eye. It was the house on the hilltop, and it was beautiful. The windows were shining like gold.





Because her mother and father were very good at what they did, many people asked them to make clothes. There was always a lot of work to do, so Amber and her sister helped their parents with the sewing. The two girls sat in the tiny bedroom they shared and worked together. But sometimes there was just not enough space for both of them AND the sewing, and they would start to argue.

Haar ma en pa is baie goeie kleremakers, en daarom vra baie mense hulle om vir hulle klere te maak. Daar was altyd baie werk om te doen, en daarom help Amber en haar suster hul ouers met die naaldwerk. Die twee meisies sit in die piepklein slaapkamer wat hulle deel en werk saam. Maar soms is daar net nie genoeg plek vir hulle albei EN die naaldwerk nie, en dan begin hulle met mekaar stry.



“Yes, I do!” he said excitedly. “You are looking in the wrong place. Follow me!” He took her to his favourite tree. “You can see it from up there.” He pointed to the highest branch. Together they climbed to the top of the tree. “Can you see it?” he asked. Amber was looking hard for the boy’s house. “No,” she said sadly.

“Ja, ek weet!” sê hy opgewonde. “Jy soek op die verkeerde plek. Volg my!” Hy vat haar na sy geliefkoosde boom toe. “Jy kan dit van daar bo af sien.” Hy wys na die hoogste tak. Saam klim hulle tot bo in die boom.

“Kan jy dit sien?” vra hy.

Amber soek na die seuntjie se huis.

“Nee,” sê sy hartseer.

The boy laughed. “Why are you looking at my house? Look over there . . .” and he pointed to the hill in the distance. It was the hill that Amber lived on.

She could see all the small, square houses on the side of the hill, and she could see her own house. The light of the setting sun had made the windows of her house shine a beautiful, bright gold.

“I see it!” she laughed.

“It looks like such a special place,” said the boy.

“It is,” she smiled, and they both climbed down from tree.

Die seuntjie lag. “Hoekom kyk jy na my huis? Kyk daar oorkant . . .” en hy wys na die heuwel in die verte. Dis die heuwel waar Amber se huis staan.

Sy kan al die klein, vierkantige huisies teen die kant van die heuwel sien, en sy kan haar eie huis ook sien. Die lig van die ondergaande son baai die vensters van haar huis in ’n pragtige goue lig.

“Ek sien dit!” lag sy.

“Dit lyk na so ’n spesiale plek,” sê die seuntjie.

“Dit is,” glimlag sy, en hulle klim albei uit die boom uit.

Boeke kan jou lewe verander!



**Books can change
your life!**

 TheNalibaliChannel
  nalibaliSA
  @nalibaliSA
  @nalibalisa
  @nalibalisa
  nalibalisa
  The Nal'ibali Trust
  +27 64 801 5496





Die piesangdiewe


Deur Thembinkosi Mabaso ■ Illustrasies deur Jiggs Snaddon-Wood



"Diewe!" roep Gogo Matheni terwyl sy na Thembi, haar bure se dogter, toe hardloop. "Hulle is in my plantasie en steel my piesangs! Wat gaan ek môre by die mark verkoop?"

"Het jy die diewe gesien, Gogo?" vra Thembi bekommerd.

"Ja, ek het hulle met my eie oë gesien," antwoord Gogo. "En hulle is nog steeds daar!"



"Hoeveel diewe is daar?" vra Thembi.

"Baie! 'n Hele trop," sê Gogo wanhopig.

"'n Trop?" vra Thembi. Sy is baie verward.

"Ja, 'n hele trop apies. Hulle steel my piesangs terwyl ons hier staan," sê Gogo.

Thembi dink 'n oomblik na. Toe sê sy: "Wel, as die apies die diewe is, sal ek en my maats help om hulle te verwilder. Daar is vier van ons, en ons sal die apies gou-gou verjaag."

"Dit sal wonderlik wees!" sê Gogo. "As julle die apies verjaag, sal ek vir julle die lekkerste piesangbrood bak."

Thembi dink dis 'n goeie plan en hardloop om haar maats te gaan haal. Sy vertel hulle gou van die piesangdiewe en wat Gogo Matheni haar belowe het.

"Apies wegjaag in ruil vir piesangbrood! Ons het 'n slag geslaan!" sê Tholi.

"Ek's gereed," sê Zozo en spog met die spiere in sy dun armpies.

"Ek sal die leier wees," spog Dumi, die sterkste van hulle almal.

En hulle vat die pad na Gogo se piesangplantasie toe.

Toe hulle nader kom, beduie Dumi vir hulle om stil te wees. Hy kyk rond en wys na 'n klomp piesangbome. "Daar's hulle," fluister hy. "Kom ons tel almal 'n paar klippe op. Dan gooi ons die apies met die klippe om hulle te verjaag."

"Ek dink nie dis 'n goeie idee nie," sê Thembi. "Ons wil nie die apies seermaak nie. Ons wil net hê hulle moenie die piesangs steel nie. Ons moet hulle nie met klippe gooi nie."

Maar Dumi wil nie luister nie. Hy tel 'n paar klein klippies op en gooi dit na die apies toe. Die klippe vlieg deur die lug, maar gelukkig mik Dumi nie baie goed nie, en die meeste klippe land op die grond of in die piesangbome. Maar dit laat die apies skrik, en hulle begin terugbakei deur die kinders met ryp piesangs te gooi!

Die apies mik baie beter as Dumi, en sommer gou is die kinders vol ryp piesangs. "Hardloop!" skree Zozo.

Toe die vier kinders ver genoeg van die plantasie af is, gaan staan hulle om asem te skep.

"Ek het vir jou gesê dis nie 'n goeie idee nie," sê Thembi.

"Ek het gedink die apies sal weghardloop," sê Dumi.

"Beteken dit ons gaan nie piesangbrood kry nie?" vra Tholi. Thembi se maats lyk taamlik bekommerd hieroor.

"As ons die apies verjaag het, bly die reëling staan," stel Thembi hulle gerus. "Kom ons kyk of my plan werk."

Thembi verduidelik vinnig: "Ek dink ons moet 'n groot lawaai maak. Die apies sal skrik en weghardloop."

Almal stem saam en hulle hardloop huis toe om ou potte, lepels, blikkies en tou te gaan haal. Hulle maak klein gaatjies in die blikkies en bind stukkie tou daaraan vas. Toe hardloop hulle terug.

Toe hulle by die plantasie kom, maak hulle 'n groot lawaai.

BAM, BAM, BAM! klink dit op terwyl Tholi en Dumi met hul lepels teen die potte slaan. KLANG, KLANG, KLANG! weerklink dit as Thembi en Zozo die blikkies skud.



Die bome skud soos die apies probeer weggom. Hulle geskreeu maak die geraas nog erger! Die apies vlug uit die plantasie, en sommer gou is hulle net 'n paar kolletjies in die verte.

"Ons het dit reggekry!" roep die vier maats. Hulle is almal baie trots op wat hulle gedoen het.

Toe sê Dumi: "Maar sê nou die apies kom môre terug?"

"Kom ons bind die blikkies aan die piesangbome vas," sê Thembi. "Wanneer die apies dan in die bome probeer klim of as die wind waai, sal die blikkies ratel en die apies laat skrik."

En dis presies wat hulle doen. Toe die vier maats van die plantasie wegstap, kan hulle die blikkies hoor ratel terwyl die wind deur die bome waai.

Gogo Matheni is baie bly dat die diewe verjaag is, en haar kombuis ruik sommer gou heerlik. Toe sy buitentoe stap met 'n bord wat oorlaai is met piesangbrood, sien sy vier gelukkige gesigte wat vir haar glimlag. Die kinders is beslis gereed vir hul beloning!

Raak doenig met stories!

- ★ Het jy al ooit piesangbrood geëet? Hou jy daarvan of dink jy dit sal lekker smaak? Watter ander vrugte kan gebruik word om koek mee te bak?
- ★ Skryf 'n resep neer vir 'n gereg waarin vrugte gebruik word. Teken 'n

prent van jou gereg. Dalk sal iemand dit maak!

- ★ Dink jy apies is oulik? Dit lyk of hulle daarvan hou om katterkwaad aan te vang en piesangs te eet! Maak 'n apie wat 'n piesang vashou uit klei of speeldeeg.



Drive your
imagination



The banana thieves


By Thembinkosi Mabaso ■ Illustrations by Jiggs Snaddon-Wood



"Thieves!" cried Gogo Matheni as she ran towards Thembi, her neighbour's daughter. "They are in my plantation, stealing my bananas! What am I going to sell at the market tomorrow?"

"Did you see the thieves, Gogo?" Thembi asked concerned.

"Yes, I saw them with my own eyes," answered Gogo. "They are still in my plantation!"



"How many thieves are there?" asked Thembi.

"Many! A whole troop," Gogo said in despair.

"A troop?" asked Thembi. She was very confused.

"Yes, a troop of monkeys. They are stealing my bananas as we speak," said Gogo.

Thembi thought for a moment. Then she said, "Well, if the thieves are monkeys, then my friends and I can help chase them away. There are four of us and we'll chase the monkeys away in no time."

"That would be wonderful!" said Gogo. "If you chase them away, I will bake you the most delicious banana bread."

Thembi thought this was a great deal and ran to fetch her friends. She quickly told them about the banana thieves and the deal she had made with Gogo Matheni.

"Chasing monkeys in return for banana bread! What a great deal!" Tholi said.

"I'm ready," said Zozo, flexing his thin arms.

"I will be the leader," boasted Dumi, the strongest of them all.

So off they went to Gogo's banana plantation.

As they drew near, Dumi signaled for them to be quiet. He looked around and then pointed to a clump of banana trees. "There they are," he whispered. "Let's all pick up a few stones. We'll throw them at the monkeys to chase them away."

"I don't think that's a good idea," said Thembi. "We don't want to hurt the monkeys. We just want them to stop stealing the bananas. We shouldn't be throwing stones."

But Dumi would not listen. He picked up a few small stones and hurled them at the monkeys. The stones zipped through the air, but luckily Dumi did not aim very well and most of the stones fell on the ground or hit the banana trees. This did, however, give the monkeys a fright, and they started to fight back by throwing ripe bananas at the children!

The monkeys' aim was much better than Dumi's, and soon the children were covered in ripe banana. "Run!" shouted Zozo.

When the four children were far enough away from the plantation, they stopped to catch their breath.

"I told you that wasn't a good idea," said Thembi.

"I thought the monkeys would run away," said Dumi.

"Does that mean we won't get any banana bread?" Tholi asked. Thembi's friends looked quite concerned at this thought.

"The deal is on if we chase the monkeys away," Thembi reassured them. "Let's try my idea."

Thembi quickly explained, "I think we should make as much noise as possible. The monkeys will get a fright and run away."

Everyone agreed and they rushed home to fetch old pots, spoons, tins and string. They made small holes in the tins and tied bits of string to each one. Then they set off.

As soon as they reached the plantation, they made as much noise as they could.

BAM, BAM, BAM! it went as Tholi and Dumi beat the pots with their spoons. *CLANG, CRASH, CLANG!* it went as Thembi and Zozo rattled the tins.



The trees shook as the monkeys tried to get away. Their screeching made the noise even worse! The monkeys fled the plantation and were soon little dots in the distance.

"We did it!" the four friends shouted. They were all very proud of themselves.

Then Dumi said, "But what if the monkeys come back tomorrow?"

"We'll tie the tins to the banana trees," said Thembi. "Then when the monkeys try to climb the trees or if the wind blows, the tins will rattle and scare the monkeys away."

So that is exactly what they did. As the four friends left the plantation, they could hear the tins rattling as the wind blew through the trees.

Gogo Matheni was very happy that the thieves were gone and soon her kitchen smelt delicious. As she walked outside with a plate stacked high with banana bread, she saw four happy faces smiling up at her. The children were definitely ready for their reward!

Get story active!

- ★ Have you ever eaten banana bread? Do you like it or think it would taste good? What other fruits can be baked into cakes?
- ★ Write a recipe for a dish that uses fruit. Draw a picture of your dish. Maybe someone will make it!

- ★ Do you think monkeys are cute? They seem to like getting up to mischief and eating bananas! Why not try to make a clay or playdough model of a monkey holding a banana?

Nal'ibali-pret

Nal'ibali fun



1.

In die storie *Die huis met die goue vensters* maak Amber maats met 'n klein seuntjie. Wat dink jy doen hulle in hierdie prent? Voeg ander dinge by die prent om te wys wat jy dink hulle doen. Voeg ook praatborrels by. Skryf dan 'n paar sinne oor jou prent.

In the story *The house with the golden windows* Amber and a little boy become friends. What do you think they are doing in this picture? Add other things to the picture to show what you think they are doing. Also add some speech bubbles. Then write a few sentences about your picture.



2.

★ Weet jy wat die name van hierdie goggas is? Sit die letters in die regte volgorde om uit te vind wat hulle is.

★ Do you know the names of these bugs? Unscramble the letters to find out what they are.

A.



y b • e b e

B.



p r u s e • t a c e r l l p i a r

C.



s n l a k o e p r e p • t e r t u b y l f

D.



r i e m • n t a

E.



s p n e i n p o k • s d e r p i

Antwoorde: 2. A: by, B: ruspe, C: skoenlapper, D: mier, E: spinnekop
Answers: 2. A: bee, B: caterpillar, C: butterfly, D: ant, E: spider



Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Kontak ons op een van die volgende maniere:

Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us in any of these ways:



TheNalibaliChannel



nalibaliSA



@nalibaliSA



@nalibalisa



@nalibalisa



nalibalisa



The Nal'ibali Trust



+27 64 801 5496

Produced by The Nal'ibali Trust. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

UMLAZI
EYETHU

POLOKWANE
OBSERVER



Drive your
imagination